# AFRIKAANS LANGUAGE

**Paper 8679/01**
**Speaking (Optional)**

There were too few candidates for a meaningful report to be produced.



© 2023

# AFRIKAANS LANGUAGE

**Paper 8679/02**
**Reading and Writing**

**Kernboodskappe**

Ten einde goed te vaar in **Vraag 1** moes leerders:

- sinonieme vir gegewe woorde in die teks soek; en
- die sinonieme akkuraat oordra.

Ten einde goed te vaar in **Vraag 2** moes leerders:

- die aanvangswoorde van sinne gebruik om gegewe sinne te herformuleer; en
- hul vermoë toon om sinne grammatikaal te manipuleer.

Ten einde goed te vaar in **Vraag 3 en 4** moes leerders:

- ’n teks met begrip lees
- verstaan wat in elke vraag van hulle verwag word
- toepaslike inligting in die teks identifiseer
- antwoorde formuleer wat logies op die vrae volg; en
- vrae duidelik, doeltreffend en sover moontlik in hul eie woorde beantwoord.

Ten einde goed te vaar in **Vraag 5(a)** moes leerders:

- die opdrag verstaan
- inligting uit beide tekste gebruik om ooreenkomste en verskille in die tekste te identifiseer; en
- die ooreenkomste en verskille bondig en logies in ’n samehangende paragraaf opsom.

Ten einde goed te vaar in **Vraag 5(b)** moes leerders:

- persoonlik reageer op ’n vraag wat op die tema van die tekste gebaseer is; en
- ’n gemotiveerde respons in ’n bondige paragraaf verskaf.

**Algemene kommentaar**

**Vraag 1**

- Leerders met ’n groter blootstelling aan Afrikaans vind dit makliker om hierdie vrae te beantwoord.
- Hulle word aangemoedig om te toets met watter sinonieme in die teks die gegewe woorde logies vervang sou kon word.

**Vraag 2**

- Leerders word aangemoedig om na te dink oor hoe die gegewe eerste woorde van elke antwoord ingespan kan word om ’n logiese en grammatikaal korrekte herskrywing van die gegewe sinne te verskaf.
- Dit is noodsaaklik om die gegewe sinne goed te bestudeer en seker te maak dat al die elemente daarin in die antwoord vervat word.


© 2023

**Vraag 3 en Vraag 4**

- Leerders word aangemoedig om die teks eers te vluglees om ’n gevoel vir die strekking te kry, dit dan aandagtig te lees, vervolgens die vrae te lees, en laastens die vrae een vir een te herlees en met verwysing na die teks te beantwoord.
- Leerders moet seker maak hulle verstaan wat in elke vraag van hul verwag word.
- Hulle moet seker maak elke antwoord volg logies op die vraag.
- Leerders moet die paragraafverwysings by die vrae noukeurig volg ten einde vrae doeltreffend te beantwoord.
- Dit is noodsaaklik dat leerders hul taalkennis deurgaans nadenkend toepas sodat hulle nie onnodige foute begaan nie.
- Vrae word op so ’n wyse gestel dat sinne nie direk uit die teks oorgeskryf kan word nie. Leerders moet dus besef hulle moet self antwoorde vir vrae formuleer.

**Vraag 5**

**(a)**
- Leerders word aangemoedig om sinvolle ooreenkomste en verskille in die tekste te identifiseer.
- Daar word aanbeveel dat hulle eers slegs op die ooreenkomste en dan slegs op die verskille fokus (of andersom, indien hulle sou wou).
- Hulle kan ingedagte hou dat daar een punt per ooreenkoms en twee punte per verskil beskikbaar is.
- Daar word van leerders verwag om ooreenkomste en verskille hoofsaaklik in hul eie woorde te formuleer.

**(b)**
- Omdat hierdie opdrag ’n persoonlike respons van leerders verwag, is dit noodsaaklik dat hulle hul eie gemotiveerde antwoord op die vraag gee.

**<u>Kommentaar op spesifieke vrae</u>**

**Vraag 1**

**(a)** Ten spyte van die feit dat ‘ekstreem’ baie soos die Engelse *extreme* klink, het min leerders die vraag korrek beantwoord.

**(b)** Verskeie leerders het ‘ontspanning’ of ‘ontmoetings’ in plaas van ‘invloed’ geantwoord.

**(c)** Leerders wat ‘eietydse’ in plaas van ‘tans’ geantwoord het, het die fout begaan om ’n adjektief as sinoniem vir ’n bywoord voor te stel.

**(d)** Baie leerders het hierdie vraag korrek beantwoord.

**(e)** Talle leerders het die fout begaan om ‘slegs’ as ‘nie goed nie’ te interpreteer, en gevolglik ‘skelm’ as antwoord gegee. Enkele leerders het wel besef dat ‘net’ ’n sinoniem vir ‘slegs’ is.

**Algemene kommentaar vir Vraag 1**

- Die meeste leerders het die woorde uit die teks korrek neergeskryf.
- Daar word nie van leerders verwag om reëlverwysings by hul antwoorde te skryf nie.
- Leerders kan in gedagte hou dat die vrae die volgorde van die teks volg.
- Indien leerders onseker is of ’n antwoord reg is, moet hulle toets om te kyk of dit logies in ’n spesifieke sin pas.
- Groter blootstelling aan gesproke en geskrewe Afrikaans sal leerders help om beter in hierdie vraag te vaar.

**Vraag 2**

**(a)** Alhoewel heelwat leerders die vraag korrek beantwoord het, het verskeie nie mooi geweet waar om ‘deur ons’ in te pas nie. Hulle moet onthou dat sinne in die lydende/passiewe vorm altyd met ’n werkwoord of deelwoord eindig.


© 2023

**(b)** Talle leerders het nie besef dat 'het' in die teenwoordige tyd na 'sal hê' in die toekomende tyd verander nie. Verskeie het die kappie op 'hê' vergeet.

**(c)** In 'n sin soos hierdie een is dit belangrik dat 'n hulpwerkwoord soos 'kan' nie sommer na byvoorbeeld 'sal' verander word nie.

**(d)** Leerders moet aandag daaraan gee dat voornaamwoorde konsekwent in die direkte/indirekte rede gebruik moet word. Baie leerders het nie besef dat doktor Lee 'n man is nie, maar wat belangrik was, was om konsekwent te wees en óf 'hy' en 'sy' óf 'sy' en 'haar' in die antwoord te gebruik. (In **Vraag 3** moes leerders na hom as manlik verwys.)

**(e)** Min leerders het besef dat die tweede deel van hierdie sin in die verlede tyd is en het dus 'Selfone verander ook ...' in plaas van 'Selfone het ook ... verander' geskryf.

**Algemene kommentaar vir Vraag 2**

- Leerders moet aandag gee aan die konsekwente gebruik van persoonlike en besitlike naamwoorde in die direkte/indirekte rede.
- Dit is noodsaaklik om te verstaan hoe werkwoorde in die verskillende tye verander.
- Leerders moet aandag gee aan die korrekte woordorde ná voegwoorde soos 'dat'.
- Leerders moet begryp hoe 'word', 'is' en 'sal word' in die lydende/passiewe vorm gebruik word.
- Begrip van die rol van die onderwerp en die voorwerp in 'n sin behoort leerders te help om sinne doeltreffend tussen die lydende en die bedrywende vorm om te skakel.
- Dit is belangrik om aandag te gee aan hoe 'n sin se bou verander as dit met 'n bysin in plaas van 'n hoofsin begin (of andersom).

**Vraag 3**

**(a)** Dit was 'n redelik maklike eerste vraag en talle leerders het ten minste 2 uit 3 punte gekry.

Dit was belangrik om op die gebruik van die <u>woord</u> 'Zoom' te fokus.

Dit was onnodig om voorbeelde van werkwoorde, naamwoorde en samestellings te gee.

**(b)** Hierdie antwoord het uit die eerste deel van paragraaf 3 gekom. Leerders moes verwys na hoe Tessa se vermoë om te luister ontwikkel of verander het. Hulle moes dus noem dat sy met 'groter' konsentrasie' en 'beter' begrip as voorheen geluister het.

Omdat leerders moes verduidelik hoe Tessa se luistervermoë ontwikkel het, kon hulle nie net haar woorde aanhaal nie.

Leerders moes die korrekte vroulike voornaamwoorde gebruik om na Tessa te verwys.

**(c)** Hierdie antwoord het uit die tweede deel van paragraaf 3 gekom. Leerders moes noem dat candidatee op enige plek en meer as een keer <u>na lesings kan luister</u>.

Die gebruik van 'tyd' in plaas van 'keer' (soos in om nog 'n <u>keer</u> te luister) het 'n antwoord ongeldig gemaak.

Enkele leerders het die fout begaan om hul eie mening te gee van hoe selfone studente help.

**(d)** Leerders het meestal verstaan wat om te antwoord, maar dit dikwels onbeholpe gedoen. Hulle benodig oefening om verskille doeltreffend uit te druk, byvoorbeeld: Dr. Lee verkies papierboeke, <u>maar</u> sy studente lees graag e-boeke. Of: Dr. Lee lees 'n gedrukte dokument, terwyl sy studente dokumente op hul selfone lees.

Sommige leerders het die titel 'Dr.' in 'Dr. Lee' aan die begin van 'n sin as 'dr. Lee' (met 'n kleinletter) geskryf.

**(e)** Hier het sommige leerders uit eie ervaring geantwoord in plaas van om die inligting in die teks te gebruik, wat veroorsaak het dat hulle punte verbeur het. Baie het egter korrek geantwoord.


© 2023

**Vraag 4**

**(a)** Dit was 'n maklike vraag en die meeste leerders het goed gevaar. Hulle hoef nie te gesê het watter program vir watter aktiwiteit gebruik word nie – net waarvoor dit gebruik word.

**(b)** Hier moes leerders kortliks verduidelik watter voorsprong Zoom in vergelyking met die ander programme gehad het. Hulle moes dus na Zoom en na sy mededingers verwys.

Verskeie leerders het hier verkeerdelik na die inligting in paragraaf 4 in plaas van paragraaf 2 verwys.

**(c)** In hierdie 4-puntvraag moes leerders Zoom se probleem identifiseer (vir 1 punt) en verduidelik hoe dit opgelos is (vir 3 punte). In die beste antwoorde het leerders die inligting in paragraaf 3 bondig, logies en in hul eie woorde weergegee, terwyl swakker leerders geneig was om lang gedeeltes direk uit die teks neer te skryf.

Sommige leerders het verkeerdelik hul eie verduideliking van die probleem gegee eerder as om na die teks te verwys.

**(d)** In hierdie antwoord moes leerders inligting uit paragraaf 2 én paragraaf 4 gebruik om hul antwoord te formuleer.

Alhoewel baie leerders die vraag reg beantwoord het, het verskeie net die persentasie groei vir albei programme genoem sonder om in te sluit dat dit na <u>gebruikers</u> van die programme verwys. Leerders wat dus gesê het 'Zoom het met 2 900 per cent gegroei en Teams het met 1 000 per cent gegroei', het net een punt gekry omdat hul antwoord te vaag was.

**(e)** Vir hierdie 4-puntvraag moes leerders Trudy se houding deeglik verduidelik – hulle moes noem dat videokommunikasieprogramme noodsaaklik vir haar is (1 punt), maar dat sy teen gevare soos beurtkrag en tegniese probleme (2 punte) waarsku (1 punt).

Die beste antwoorde het Trudy se houding bondig dog duidelik uiteengesit.

Leerders moes die korrekte vroulike voornaamwoorde gebruik om na Trudy te verwys.

**Algemene kommentaar vir Vraag 3 en 4**

- Dit is noodsaaklik dat leerders aandag gee aan die woorde in die opdrag: 'Antwoord sover moontlik in jou eie woorde en moenie hele sinsdele woordeliks uit die teks neerskryf nie'.
- Basiese spelfoute soos 'gehaad/gehê' in plaas van 'gehad', 'se' in plaas van 'sê', 'he' in plaas van 'hê' lei daartoe dat leerders punte verbeur.
- Lengte van antwoorde: Die ruimte wat vir elke antwoord verskaf word, is genoeg vir iemand met 'n normale grootte handskrif. Leerders wat ekstra reëls probeer indruk, moet hul antwoorde beter beplan sodat hulle nie onnodige inligting insluit nie.
- Die verkeerde gebruik van voornaamwoorde – soos die eerste persoon in plaas van die derde persoon of manlike in plaas van vroulike voornaamwoorde – kan daartoe lei dat 'n andersins korrekte antwoord ongeldig raak.
- Leerders word herinner om in hul antwoorde slegs te verwys na die paragrawe wat by elke vraag aangedui word.
- Slegs inligting uit die teks moet gebruik word om die vrae te beantwoord; nie leerders se eie ervaring nie. In **Vraag 5(b)** kry hulle die geleentheid om hul eie mening te lug.
- Netjiese en leesbare werk is van kardinale belang. Indien dit nodig is om woorde dood te trek, moet dit asseblief netjies gedoen word en netjies herskryf word.


© 2023

**Vraag 5**

**(a)** Dit blyk dat leerders wat hul opsomming eers beplan, dikwels goed vaar.

In die beste antwoorde het leerders eers die ooreenkomste tussen die tekste en dan die verskille bespreek. Hulle het hul gedagtes duidelik, logies en hoofsaaklik in hul eie woorde uitgedruk. Hulle het ook ongeveer 100 woorde gebruik.

Enkele leerders het die tekste se publikasiedatums, bron en aantal paragrawe verkeerdelik as verskille genoem.

**Algemene kommentaar vir Vraag 5(a)**

Leerders kan aan die volgende wenke herinner word:

- Maak seker jy verstaan op watter aspekte van die tekste jy moet konsentreer.
- Beplan jou antwoord.
- Fokus eers op die ooreenkomste en dan op die verskille – elke ooreenkoms kan in een sin beskryf word en elke verskil kan óf in een langer sin óf in hoogstens twee korter sinne beskryf word.
- Onthou dat elke ooreenkoms een punt en elke verskil twee punte kan verdien.
- Skryf bondig en logies.
- Wees spesifiek; nie vaag nie.
- Verwys slegs na sinvolle ooreenkomste en verskille.
- Moenie jou idees met aanhalings staaf nie.
- Gee aandag aan jou taalgebruik.
- Skryf netjies en leesbaar.

**(b)** Die meeste leerders kon oor die onderwerp skryf en talle het na hul eie ervaring tydens die Covid-pandemie verwys.

Die beste antwoorde het kortliks na voor- en nadele van die gebruik van videokommunikasie-programme in skole verwys, en het duidelik ’n persoonlike reaksie op die vraag verskaf.

**Algemene kommentaar vir Vraag 5(b)**

Leerders kan aan die volgende wenke herinner word:

- Gee jou eie gemotiveerde antwoord op die vraag.
- Stel jou standpunt bondig, logies en duidelik.
- Moenie net na die standpunte in die tekste verwys nie; voeg jou eie idees by.
- Gee aandag aan jou sinsbou en taalgebruik.

**Nuttige uitdrukkings om in Vraag 5(b) te gebruik**

- Na my mening ...
- Ek is van mening ...
- My standpunt is ...
- Ek stem saam dat ...
- Die voordele is ...
- Die nadele is ...
- Ten slotte ...


© 2023

# AFRIKAANS

**Paper 8679/03**
**Essay**

**Kernboodskappe**

Van die kandidate is verwag om oor een van die opdragte wat in die vraestel verskaf is, te skryf. Hulle moes nie net hul taalvermoë toon nie, maar ook hul vermoë om ŉ bepaalde argument te struktureer en hul standpunt(e) ten opsigte van ŉ spesifieke beskouing te motiveer. Punte is daarom toegeken vir sowel taalvermoë (24) as inhoud (16). Kandidate met ŉ swakker taalvermoë was dikwels nie daartoe in staat om hul standpunte duidelik te formuleer nie, of ŉ argument sinvol te voer nie, terwyl kandidate met ŉ beter taalvaardigheid uiteraard in staat was om ŉ hoër punt te behaal weens hul vermoë om hul opstel meer sinvol rondom ŉ bepaalde beskouing te struktureer.

Meestal het kandidate punte verbeur deur ongrammatikale sinskonstruksies, gebrek aan woordeskat (met gepaardgaande gebruik van Engelse woorde) en willekeurige gedagtegang, asook herhaling van reeds gestelde idees. In sommige opstelle is die opdrag verkeerd geïnterpreteer, met gevolglik ŉ negatiewe impak op die inhoudsbepunting.

**Algemene kommentaar**

Vanjaar was daar ŉ relatief goeie verspreiding ten opsigte van die opdragte wat deur die kandidate gekies is, alhoewel **Opdrag 1** (*Gesin en familie*) by verre die mees gewilde was. Hiernaas volg **Opdrag 4** (*Tegnologiese vernuwing*), **5** (*Besoedeling*), **3** (*Reis en toerisme*) en laastens **2** (*Wet en orde*).

In die breë is al die opdragte goed hanteer, maar daar was kandidate wat die opdrag verkeerd geïnterpreteer, of gedeeltelik beantwoord het. In hierdie opsig is dit veral **Opdrag 5** (*Besoedeling*) wat die kandidate laat struikel het aangesien baie kandidate bloot oor klimaatsverandering of besoedeling geskryf het sonder om die belang van herwinning aan te spreek. Gevolglik het dié opstelle die indruk gewek van ŉ voorbereide skryfstuk en het hulle derhalwe punte verloor vir inhoud. Dieselfde geld vir **Opdrag 4** (*Tegnologiese vernuwing*) waar die impak wat die volgehoue soeke na tegnologiese vernuwing op die individu (soos byvoorbeeld sosiale vervreemding) nie altyd betrek is soos deur die opdrag vereis nie. Verder was sommige kandidate ten opsigte van **Opdrag 1** *(Gesin en familie*) nie bewus van die betekenisonderskeid tussen "gesin" en "familie" in Afrikaans nie.

Nogtans was die meeste kandidate goed voorberei vir hierdie stelwerkvraestel, waarskynlik beter as wat dit die geval was verlede jaar. Nie net het die kandidate in die breë ŉ goeie begrip vir die gekose opdrag getoon nie, maar in die beter opstelle was daar ook ŉ duidelike inleiding met ŉ toepaslike gevolgtrekking in die slotparagrawe te bespeur. Sommige kandidate het egter nie hul opstel vooraf beplan en dit skematies uiteen gesit nie. Die gevolg was ŉ ongestruktureerde opstel waarin dieselfde gedagtes en beskouings dikwels herhaal is ten einde die vereiste woordtelling te bereik.

ŉ Laaste opmerking: Daar was onvanpaste en onjuiste gebruik van idiome en/of spreekwoorde; besmoontlik omrede kandidate "idiomatiese taalgebruik" as riglyn assosieer met idiome terwyl dit inderwaarheid verband hou met woordorde, dubbele ontkenning, korrekte voorsetsels, ensovoorts, en nié met "die appel val nie ver van die boom af" of "die koeël is deur die kerk" nie. Trouens, in die meeste gevalle gee die geforseerde gebruik van idiome aanleiding tot ŉ onnatuurlike segging wat eerder afbreuk doen aan die betrokke opstel as bydra tot die gehalte daarvan.


© 2023

**Kommentaar op spesifieke vrae**

**Opdrag 1**

Soos reeds genoem: Hierdie was ŉ gewilde keuse vir die kandidate. Oor die algemeen het die kandidate die opdrag goed verstaan en is die vraagstelling wel beantwoord, ten spyte van enkele mistastings. Ongelukkig het ŉ beduidende aantal kandidate sonder die nodige beplanning en gepaardgaande besinning begin skryf. Die gevolg hiervan was ŉ ongestruktureerde opstel waar bepaalde stellings nie net op willekeurige wyse gemaak is nie, maar ook menigmaal herhaal is. Veralgemenings het vry algemeen voorgekom sonder om die kernaspek van die stelsin – dat dit altyd ŉ feestelike tyd is wanneer die familie kom kuier – aan te spreek. Interessant genoeg was dit dikwels die kandidate wat verskil het van die stelsin, naamlik dat dit by tye uiters onaangenaam is wanneer die familie kom kuier, wat die beter punt behaal het. Daarteenoor het kandidate wat wel met die stelling saamstem, selde verder gedink as die voor die hand liggende aktiwiteite (saam eet, speletjies, uitstappies, ensovoorts).

**Opdrag 2**

Kandidate wat ten gunste van hierdie onderwerp gekies het, het dikwels besonder interessante werk gelewer; waarskynlik omrede die teenstelling in die opdrag hulle gedwing het om eers deeglik oor die opdrag te besin. Kandidate wat beter presteer het in die beantwoording van hierdie opdrag het buiten die voor die hand liggende probleem van misdaad en wetstoepassing, ook besin oor rehabilitasie en die leidende rol wat wetstoepassers in die samelewing speel weens die voorbeeld wat hulle stel.

**Opdrag 3**

Dit was duidelik dat die meeste kandidate wat oor hierdie opdrag geskryf het, veel plesier gehad het daarin. Nie net was die verskeidenheid ten opsigte van beredenering vars, geskakeerd en (dikwels) insiggewend nie, maar is die standpuntinname eweneens goed beredeneer.

**Opdrag 4**

Soos reeds genoem het hierdie opdrag aanleiding gegee tot mistastings, waarskynlik omrede sommige kandidate opstelle vooraf oor “tegnologiese vernuwing” voorberei het en gevolglik nie in staat was om die kwalifikasie “wat regtig belangrik is” in hul skryfstuk te betrek nie. Meestal is geskryf oor tegnologie en hoe dit ons lewens (positief) beïnvloed. Die kandidate wat wel by magte was om die onderwerp sinvol te beredeneer, en hul opstelle effektief te struktureer, het uitstekende punte behaal. Nogeens is baie interessante werk gelewer deur kandidate wat nié met die stelling saamgestem het nie aangesien die band tussen tegnologie en die positiewe uitwerking daarvan op die samelewing duidelik beredeneer kon word, solank hulle wel kon omskryf wat hulle as “regtig belangrik” ag – gesondheidsversorging, byvoorbeeld, asook gerief ten opsigte van inligtingsverkryging, opvoeding en beveiliging. Daarenteen was die (negatiewe) impak van sosiale media op ons daaglikse lewe ŉ gewilde invalshoek.

**Opdrag 5**

Van die beste punte wat behaal is, is deur kandidate behaal wat ten gunste van hierdie onderwerp gekies het; besmoontlik omrede dit redelik maklik is om ŉ sinvolle, goed gestruktureerde betoog oor hierdie opdrag te skryf. Nogtans het ŉ sommige kandidate gewoon oor ekologiese probleme in die algemeen geskryf sonder om spesifiek op besoedeling en die belang van herwinning te fokus soos deur die opdrag vereis. Kandidate wat wel daarin kon slaag om op sowel die positiewe as negatiewe aspekte van herwinning te belig, hetsy op makro- of persoonlike vlak, het die beste punte behaal.


© 2023